ds. PJ Kriel 14.02.2016

Inhoud. Die Here werk met ons deur ons doop, maar Hy doen niks met ons deur die seremoniële waterspeletjies van geestelikes nie. Die waan van geestelikes om bekommerd te wees dat gelowiges hulle doop sal vergeet.

Skriflesing: Romeine 6: 1-11.

Teksvers Romeine 6:4 "Deur die doop is ons immers saam met Hom in sy dood begrawe, sodat, soos Christus deur die heerlike magsdaad van die Vader opgewek is, ons ook so 'n nuwe lewe kan lei."

Tema: Die Here is altyd besig om vir ons te sê en te wys hoe Hy ons liefhet en hoe ons binne sy liefde moet leef.

1. Die Here is altyd as Here met ons besig. Die manier waarop die Here met ons besig is om te sê en te wys.

Hy sê vir ons hoe Hy ons liefhet en hoe Hy ons in sy liefde insluit en laat leef. Hy wys ook vir ons hoe Hy ons lief het en ons insluit en in sy liefde laat leef. Hy sê nie net die hele tyd nie. Hy wys ook die hele tyd.

Wat die Here die hele vir ons sê oor hoe Hy ons liefhet en in sy liefde laat leef, is die Evangelie van Jesus se lyding en opstanding. Hierdie evangelie is wat die Here vir ons die hele tyd sê. Hoe die Here vir ons wys wat Hy sê, is ons doop. Ons doop met water in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.

2. Kinders!

Wat gebeur daardie dag as jou beste vriend of jy so in die skool se gang afstap en daar voor steek die hoof vir jou 'n balkie op waarop staan, hoofseun, hoofdogter of prefek.

Gister was julle nog in alles saam vriende en het alles soet en stout saam gedoen. maar wanneer jy of hy in daardie gang afstap, dan weet jy nou gaan dit anders wees. Hierdie balkie wat hulle vir jou opsit verander dadelik jou posisie by die skool. Nou is jy nie net meer 'n skolier wat sommer net met almal vriende is nie. Nou is jy deel van die skool se bestuur. Nou is jy saam met die hoof en onderwysers deel van die bestuurspan van die skool. Dit verander jou hele posisie en optrede by die skool.

Wanneer die hoof of onderwysers nou met jou praat gaan hulle anders met jou praat. Hulle gaan jou aanspreek in hierdie nuwe posisie wat jy het en jou die hele tyd wys op die nuwe posisie wat jy het. Hulle gaan ook nuwe verwagtings aan jou stel.

Die Here is altyd besig om vir ons te sê en te wys hoe Hy ons liefhet en hoe ons binne sy liefde moet leef.

Daardie balkie wat jy dra gaan ook die hele tyd nou deel wees van die nuwe manier waarop hulle met jou praat. Die hoof, die onderwysers en ook jou medeskoliere gaan jou die hele tyd wys op daardie balkie en met jou praat oor wat daardie balkie wat jy dra, beteken en vra.

Daardie balkie gaan hulle gebruik om elke keer vir jou te bevestig jy is ŉ prefek en jou daarop wys om as prefek nou op te tree.

3. Dit is wat die Here met die doop doen.

Om gedoop te word met water waarby die Naam van die Vader en die Seun en die Gees toegesê word, is net soos ŉ prefekbalkie wat aan jou gesit word en wat jy dan die hele tyd moet dra.

Met hierdie teken gaan die Here altyd met jou besig wees na dit op jou gesit is. Met hierdie teken gaan die Here altyd vir jou wys wat Hy vir jou sê.

Dit is soos met die skoolhoof. Na hierdie balkie opgesit is, is dit die teken waarna hy altyd gaan wys wanneer hy vir jou jou nuwe posisie en nuwe optrede gaan verduidelik.

Op dieselfde wyse gebruik die Here vir die res van jou lewe elke dag hierdie teken wat jy dra wanneer Hy met jou praat. Wanneer die Here vir jou sê hoe Hy jou liefhet, hoe sy liefde jou posisie in die lewe verander, wat dit beteken om binne sy liefde te bly, dan doen Hy dit deur die hele tyd te wys op die teken wat jy dra. Want die teken wys alles wat die Here oor sy liefde en jou nuwe lewe binne sy liefde sê.

Daarom is die doop so belangrik.

Dit gaan nie oor die dag, die mense en die manier waarop alles gebeur het nie. Net soos dit nie met die opsteek van ŉ prefekbalkie gaan oor om te onthou watter klere het jou aangehad, hoe het jou gevoel, wie was almal daar en wat was almal se houding nie.

Dit gaan daaroor dat die Here vir die res van jou lewe altyd hierdie teken gaan gebruik om vir jou te wys wat Hy sê. Hy gaan nooit ophou om besig te wees om met hierdie teken vir jou te wys nie.

4. Dit is presies waarmee die Here in die boek Romeine in hoofstuk ses besig is,

Die Here is besig om met die gemeente in die stad Rome te praat deur hierdie brief. In hierdie brief is die Here die hele tyd besig om vir hulle te vertel en te sê hoe Hy hulle lief het, hoe hulle deel van sy liefde is en hoe hulle binne hierdie liefde van die Here moet leef.

En dan wys die Here vir hulle ook die hele tyd wat Hy vertel en sê.

In hoofstuk ses word hulle dadelik op hulle prefekbalkie, hulle doop gewys. Die Here wys hulle dat hulle is almal in Christus se dood gedoop en hulle is deur hulle doop saam met Christus begrawe, opgewek en leef saam met Christus wat uit die dood opgewek is die nuwe lewe wat die Here leef.

Hulle word baie spesifiek eers op hulle balkie, die doop, gewys om te sien wat die Here vir hulle sê. Hulle doop met water in die Here se Naam wys hulle dat hulle ingesluit is in alles wat met Jesus Christus gebeur het en wie Jesus Christus vandag nog in die hemel is.

Dit is presies wat ŉ skoolhoof doen wanneer hy met die prefekte begin praat. Hy wys hulle eers baie duidelik op die balkies wat hulle dra en dan vertel hy vir hulle wat beteken dit om daardie balkies te dra. Dit beteken dat hulle deel van die bestuurspan van die skool is.

Dit is wat die Here elke dag besig is om sy kinders te doen. Hy wys hulle elke dag op die teken wat Hy op hulle gesit het en dan vertel die Here vir sy kinders wat beteken dit om daardie teken te dra.

Die doop is altyd die teken waarmee die Here elke dag besig om met sy kinders, elke dag mee wys wat Hy vir hulle sê.

5. Na hierdie wys gedeelte in Romeine 6 kom die vertel of sê gedeelte. Dan sê die Here vir hulle hoe Hy hulle lief het, hoe hulle in sy liefde deel en hoe hulle in hierdie nuwe liefde leef.

Die Here het hulle ingesluit in alles wat Hy vir hulle gedoen het en hulle deel dit met hom.

- Jesus het vir hulle gesterf vir hulle sonde en hulle is ingesluit in die manier waarop Hy gesterf het as straf vir sonde. Daarom sal hulle nooit vir hulle sonde gestraf word nie. Die Here deel hulle sonde en is daarvoor gestraf.

- Jesus is begrawe met al die sonde wat Hy met hulle deel. Dit is hoe God sy vyandskap teen sonde begrawe, deur Christus te begrawe. Daarom leef ons nooit weer binne God se vyandskap nie, maar binne sy vriendelikheid, goedheid, geduld en barmhartigheid.

- Jesus is gekruisig met al die sonde wat Hy met hulle deel. Daarom is alle vervloeking van sonde weggevat en sal God altyd vir ons goed wees en ons seën.

- Jesus het uit die dood opgestaan en leef vandag as mens die lewe met volkome liefde (heilig) en die regte liefde. Hy laat ons in hierdie lewe deel met Hom en daarom is ons liefde vir God altyd reg en heilig.

Hierdie is die vertelgedeelte van die skoolhoof. Eers wys hy op die balkie en daarna vertel hy wat beteken hulle aanstelling en verkiesing as prefekte.

So vertel die Here in hierdie gedeelte wat beteken dit wat die balkie wys: om ingesluit te wees in Jesus Christus se werk, om aan die Vader te behoort en deel te wees van dit waarmee die Heilige Gees altyd besig is: Jesus Christus.

6.Deur die doop wys die Here ons ook op die nuwe tipe lewe waarby ons ingesluit is deur Hom en hoe om hierdie lewe te leef. Dit is uitgespel in ons teksvers:

"Deur die doop is ons immers saam met Hom in sy dood begrawe, sodat, soos Christus deur die heerlike magsdaad van die Vader opgewek is, ons ook so 'n nuwe lewe kan lei."

Die nuwe lewe wat die Here ons met die doop op wys om te leef is ons lewe saam met Christus.

- Saam met en ingesluit in Christus se dood moet ons ons onskuldige lewe met Christus vir God leef.

- Saam met Christus en in Christus se dood en opstanding ingesluit, moet ons ons heilige en regverdige lewe wat ons met Christus deel saam met God leef.

- Om saam met Christus ons lewe vir God te leef, is die nuwe lewe wat die doop ons wys ons moet leef.

Dit is net soos met prefekte. Die balkie wys hulle hulle kan nie soos die ander kinders leef nie. Hulle moet optree en leef soos die balkie vir hulle wys wie hulle is. Die hoof gebruik altyd die balkie om jou aan te spreek oor jou optrede.

Net so is die Here elke dag besig om sy kinders deur die doop aan te spreek en deur die doop te wys op die nuwe lewe wat hulle met Christus deel en met Christus moet leef. Hulle mag nooit weer leef as skuldige, veroordeelde, aangeklaagde, gestrafte of verwerpte sondaar nie. Hulle moet altyd leef as die onskuldige, verheerlikde, regverdige en heilige kinders wat Christus hulle saam met Hom laat wees.

7.Dit is altyd hoe die Here met ons besig is: wys en sê, nooit net wys of net sê nie. Altyd wys en sê.

Die Here is altyd besig om vir ons te sê en te wys hoe Hy ons liefhet en hoe ons binne sy liefde moet leef.

Dit is deel van die inhoud en karakter van die doop self. Doop beteken nie om water op iemand te sprinkel of iemand onder die water in te dompel nie. Dit is nie doop nie. Dit is natmaak.

Doop is om die toesegging van die evangelie met water op ŉ mens te verseël. Dit is om ŉ balkie op te sit en dan te hoor dat die hoof kondig aan dat jy nou ŉ prefek is. Die teken en die aankondiging is een saak.

Net so wys die water dat jy aan God die Vader behoort en dit word met die water aangekondig as die waarheid dat jy aan God die Vader behoort. Die water wys dat jy deel het aan alles wat Jesus Christus gedoen het en net so heilig en regverdig soos Jesus self is. Daarom word dit ook gesê jy word in Jesus Christus gedoop. Die water wys hoe die Heilige Gees altyd met jou gaan besig wees: Hy gaan jou altyd vertel en deur jou doop wys om te glo in God se liefde en in God se liefde met Hom te leef.

Dit kan nooit so werk dat ŉ hoof ŉ prefekbalkie op jou sit en dan word daar nooit weer iets oor hierdie balkie gesê nie. Dit is juis die teendeel. Na hierdie balkie opgesit is sal die hoof nooit ophou om jou die hele tyd te wys op hierdie balkie nie.

Net so sal die Heilige Gees nooit weer ophou om jou te wys op jou doop en jou te laat deel in alles waarvan die doop getuig nie. Dit is hoe die hele Bybel die hele tyd met ons praat – as gedooptes!

8.Dit bring ons uit by seker een van die snaakse dinge wat nog ooit binne die Here se kerk gebeur het en nou ook deel van die NG Kerk is: dominees wat verskriklik bekommerd is dat kinders van die Here sal vergeet dat hulle gedoop is.

Kan julle sien hoe heeltemal vreemd hierdie bekommernis is waarmee hulle rondloop!

Die Here is elke dag besig om vir jou te sê en te wys. Die Here is altyd met jou besig net soos ŉ skoolhoof met prefekte besig is: hy wys jou op die balkie wat hy op jou gesit het en hy vertel jou wat dit beteken en hoe moet jy optree met hierdie balkie wat jy dra.

En dan is hierdie dominees verskriklik bekommerd jy gaan vergeet dat jy gedoop is!

Dit is soos ŉ juffrou by die skool wat verskriklik bekommerd raak dat die prefekte gaan vergeet van die balkie wat hulle aangesit is en elke dag dra.

Wat sal so ŉ tipe juffrou dan doen om die kinders te herinner van die balkie opsteek geleentheid?

Daar is baie moontlikhede, dit hang net af hoe kreatief en verbeeldingryk sy is:

- Sy kan besluit die balkies is te oud om te onthou en dan vir hulle nuwe balkies maak en opsit sodat hulle kan onthou van die balkies.
- Sy kan ŉ geleentheid reël waar hulle almal hulle balkies moet afhaal en dan weer vir mekaar oor moet aansteek'
- Sy kan ŉ tyd reël waarin hulle elkeen hulle balkies moet afhaal en weer moet blinkvryf of
- Sy kan hulle elkeen aan die balkie vryf en in die oë kyk en vertel wat sy kan onthou hoe hulle balkies aangesit was.

Lekker grillerig!

ŉ Juffrou wat geen respek het vir hoe ŉ hoof elke dag met die prefekte besig is nie en sommer met haar selfopgemaakte bekommernis skoon simpel raak en die prefekte haar simpel speletjies laat speel sodat sy beter oor haar selfopgemaakte bekommernis kan wees.

Dit is presies wat hierdie simpel dominees se oplossing vir hulle selfopgemaakte bekommernis vir kinders van die Here is. Hulle het geen geloof in die manier waarop God die hele dag met sy kinders besig is nie, om te wys en te praat nie en dink dan sulke vernerende skaammaakspeletjies vir die kinders van die Here uit.

Met al hierdie simpel waterspeletjie wil hulle jou laat onthou van jou doop.

- Hulle sal jou vertel jy kan niks van jou doop onthou nie, want jy was te klein toe dit gebeur het en daarom tel jou doop nie meer nie. Hulle wil vir jou ŉ nuwe een opsit wat jy self kan sien sodat jy dit self kan onthou.

  Kan julle sien hoe simpel is hierdie waterspeletjie? Die Here het jou klein laat doop sodat Hy altyd so met jou besig kan wees: sê en wys. Nou kom hierdie snaakse dominee en maak asof die Here nie so met jou besig is nie want jou doop is te oud en jy was te klein vir die Here om so met jou besig te wees.

  Nou wil hy jou sommer met nog ŉ een weer laat onthou. Wat onthou? Dit is die Here wat elke dag onthou hoe om met jou besig te wees, nie jy nie.

- Nog so skaammaakwaterspeletjie is dat hulle voor in die kerk se portaal ŉ badjie met water sit en wanneer jy nog by die kerk inloop moet jy eers jou skoen en kouse uittrek en deur die waterloop voor jy in die kerk kan ingaan. Jou koue en nat voete moet jou nou laat onthou dat jy gedoop was.

  Dink julle die Here werk so deur sy Heilige Gees? Hy gebruik koue en nat voete om jou te wys jy is ingesluit in Jesus Christus? Die Here gebruik glad nie hierdie skaammaakspeletjie om jou te wys wat Hy vir jou van Jesus sê nie.

Jou koue en nat voete is net ŉ manier waarop die dominee jou simpel laat voel oor ŉ bekommernis wat hy sommer vir homself opgemaak het.

- Party van hierdie dominees vat hierdie waterspeletjies sommer weg van die kerk af na mense se huise toe. Dan moet almal swemklere aantrek en so in ŉ ry of saam-saam deur die swembad loop. Dan vertel die snaakse dominee jou dat as jy so deur die swembad met ander mense loop sal jy onthou jy was as babatjie gedoop.

  Dink julle as jy die dominee in ŉ swembroek met al die ou ooms en tannies van die gemeente, of jou meisie of kêrel in ŉ swembroek binne en buite ŉ swembad sien, jy gaan dink en onthou hoe jy as babatjie gedoop is?

  Daarom moet ŉ mens maar ook bekommerd wees oor die dominee se bekommernis en wat hy graag wil sien.

- ŉ Ander snaakse waterspeletjie wat hierdie bekommerde dominees speel is dat hulle party keer vir jou vra om na vorentoe in die kerk toe te kom en dan gooi hulle water op jou hand, of

- as jy belydenis van geloof aflê moet jy jou hand in die doopbak met water sit as jy jou geloof bely, sonder dat hulle die woorde waarmee jy gedoop is: in die Naam van die Vader, en die Seun en die Heilige Gees, weer sê. Dit is hulle manier om jou te laat onthou dat jy gedoop is.

  Kan julle sien wat gebeur hier? Wat noem ŉ mens water wat op jou gegooi word sonder die woorde van die doop? Dit is net natmaak. Wat doen die Here met hierdie natmaakspeletjies? Absoluut niks nie. Dit is soos ŉ hoof en prefekte! Hy praat met jou oor en wys jou op jou balkie wat hy vir jou aangesit het. Hy steur hom niks aan juffrouens se balkiespeletjies nie.

9.Wat is die groot geheim van hierdie snaakse dominees se grillerige waterspeletjies wat jy moet ontdek en raaksien?

Hulle glo nie in dit waarmee die Here met sy kinders besig is nie!

Hulle glo nie die Here is elke dag met sy kinders besig en is die hele tyd besig om vir hulle te sê en te wys nie. Hulle leef met hierdie ongeloof in die Here dat die doop eenkeer werk. Dit is daar wanneer jy gedoop was. Daarna werk die doop niks meer nie.

Nou as hierdie snaakse dominees nie glo in dit waarmee die Here altyd met ons doop met ons besig is nie, wat glo hulle?

Die Here is altyd besig om vir ons te sê en te wys hoe Hy ons liefhet en hoe ons binne sy liefde moet leef.

Wie van julle het al sulke prefekte gesien?

Wanneer hulle balkies gekry het, dan dink hulle hulle is nou baas! Hulle kan nou vir almal vertel wat om te doen en wys wat om te doen, omdat hulle die baas is! Hulle maak asof die balkie hulle nou beter maak as ander kinders. Daarom kan hulle nou met kinders maak net wat hulle wil, en die kinders moet nou maar net alles doen wat hulle sê, want hulle is nie nou prefekte nie. Hulle is nou die baas!

Wat gaan hier fout?

Kan julle sien wat fout gaan?

Die balkies moet hierdie kinders wys op hulle verkiesing om die skool te dien en die kinders te help. Die balkies moet juis wys dat hulle luister as die hoof en personeel praat, nie dat hulle nou die baas is wat praat nie.

Hulle verdraai die betekenis van die balkies om magsimbole te wees. Dit wys hulle mag en krag, nie hulle aanstelling om te dien nie.

Dit is wat hierdie snaakse dominees regtig met die doop van die Here doen. Hulle maak die Here se teken waardeur Hy praat en wys, hulle magsimbool waarmee hulle hul self wys en waarmee hulle soos die baas probeer wees.

Hulle sê hulle doop is die teken van hoe hulle tot bekering gekom het. Met hulle doop wys hulle dat hulle alles saam met Jesus doen wat Hy as Here vir ons gedoen het. Hulle wys dat hulle ook net soos Hy doodgaan en net soos Hy opstaan. Dit is nie meer 'n teken wat wys dat die Here ons insluit in wie Hy is wat Hy doen nie.

Dit is hulle teken om te wys hulle doen alles wat Jesus doen, net soos Jesus dit doen. Wanneer hulle gedoen het wat Jesus gedoen het, is hulle die baas. Dan moet jy alles wat hulle vir jou sê, doen omdat hulle die baas is.

Dit is wat hierdie grillerige dominees dink wat jou skaam maak met hulle waterspeletjies. Jy moet doen wat hulle sê, en maak soos hulle maak, want hulle is die baas.

Dit is hoekom hulle dan ook nie meer glo dat die Here altyd met hierdie teken besig is om vir jou te wys wie jy is en hoe jy in sy liefde moet leef nie. Dit is nie meer die Here se teken nie.

Dit is nou hul teken van hul bekering waarmee hulle besig is.

Dit is ook hoekom hulle so bekommerd is oor die vergetery.

Die Here is altyd besig om vir ons te sê en te wys hoe Hy ons liefhet en hoe ons binne sy liefde moet leef.

Want mense vergeet! Hulle vergeet van hulle bekering en hulle vergeet dat hulle moet wys. Hulle vergeet nie net van die doop nie, hulle vergeet ook baie keer om tot bekering te kom soos die keer toe hulle gedoop is. Dan moet hulle weer onthou word om te bekeer en wanneer hulle weer onthou om te bekeer, dan wil hulle weer wys.

Dit is die regte probleem!

Wanneer jy die Here se teken vir jou bekering gebruik en jou bekering wys en van jou bekering vertel, dan moet jy baie keer onthou word en baie keer weer bekeer, en dan wil hulle elke keer as hul bekeer, weer wys.

Daarvoor het hulle al hierdie waterspeletjie nodig. Hulle wil elke keer op ʼn ander manier met ʼn ander waterspeletjie wys hulle het onthou om weer tot bekering te kom.

Dit is oor hierdie mense wat hierdie snaakse dominees bekommerd is. Mense wat nie na die Here luister en kyk wat die Here altyd wys nie. Dit is mense wat self altyd wil wys en vertel.

Dit is soos prefekte wat dink dat die balkies wys hulle luister na die hoof en elke keer as hulle na die hoof luister moet hulle weer ʼn nuwe balkiespeletjie speel om te wys hulle luister na die hoof.

10.Wie se teken is die doop?

Dit is die Here se teken!

Wat doen die Here met sy teken?

Hy gebruik dit om elke dag vir altyd vir ons te wys hoe Hy ons liefhet en in sy liefde moet leef.

Kan ons dit ooit vergeet? Nee! Want Hy hou nooit op om so met ons besig te wees nie: sê en wys. Dit is hoekom ons in die Heilige Gees se Naam gedoop is. Hy sal altyd so met ons besig wees: sê en wys.

Waterspeletjies is vir mense wat nie in die Here glo nie. Hulle glo nie Hy is altyd besig om te sê en te wys nie. Hulle leef in die ongeloof die doop is hulle manier om te wys hulle is baas net soos Jesus omdat hulle alles gedoen het wat Jesus gedoen het, maar omdat hulle so baie vergeet, moet hulle altyd waterspeletjie speel.

Ons luister nie na grillerige dominees nie. Ons luister altyd na die Here wat altyd sê en wys. Sê Hy het ons lief en met ons doop wys dit is so, Hy het ons lief.